*Persverklaring: Vir onmiddellike vrystelling*

**DIE EFFEK VAN COVID-19 OP DIE SUIWELBEDRYF**
**3 April 2020**

Oor die afgelope paar dae het dinge dramaties in ons land verander as gevolg van die COVID-19-virusinfeksie. Geneties is die virus nou verwant aan die coronavirus wat verantwoordelik was vir die SARS-pandemie wat in 2003 ook in China begin het. COVID-19 is al die derde coronavirus afkomstig van diere wat oorgegaan het na mense. Dit is hoogs virulent en kan ernstige siekte by mense veroorsaak.

**Wat gebeur in die suiwelbedryf tydens tuisinperking?**
Die Melkprodusente-organisasie (MPO) ondersteun die drastiese maatreëls wat president Cyril Ramaphosa aangekondig het om die verspreiding van die COVID-19-virus te beperk. Die MPO maak deel uit van die tegniese taakspan wat die Minister van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling aangewys het, met subkomitees vir ekonomie, maatskaplike uitwerking en kommunikasie. Die komitees funksioneer virtueel en die MPO sal die belange van melkprodusente ten alle tye bevorder.

Met die 21 dae-tuisinperking word baie van ons vryhede weggeneem en een basiese aspek, naamlik ons behoefte aan kos, is op almal se lippe. Miljoene mense is daagliks afhanklik van melk en melkprodukte as deel van hulle dieet omdat melk energie, proteïen en baie vitamiene en minerale in een produk voorsien. Afgesien van die voedingswaarde van melk en melkprodukte, voorsien dit ook werk aan baie mense en sodoende ekonomiese sekuriteit aan baie families.

Ons land se mense moet weet dat ons melkboere en die melkverwerkers selfs in hierdie baie moeilike tyd onverpoosd werk om in die land se suiwelbehoeftes te voorsien. Voedsel en voedselvoorsiening word gesien as ’n kritieke diens wat die gesondheid en veiligheid van ons landsburgers moet ondersteun, en daarom sal melkproduksie en -verwerking selfs tydens die 21 dae-tuisinperking voortgaan.

Produksieverwante dienste soos veeartsenykundige dienste, die verskaffing van plaagdoders en medisyne vir diere, asook voer en watervoorsiening sal ook voortgaan. Weens die beperking op mense se bewegings kan die vraag na melk moontlik afneem – om dit te voorkom versoek die MPO kleinhandelaars om die melkprys in die winkels te verlaag om die geleentheid aan almal te bied om melk en melkprodukte te kan aanskaf in hierdie besondere uitdagende periode.

**Wat moet die melkprodusente op hul plase doen?**
Gesonde individuele selfregulering op elke plaas is die hoofvereiste. Kontak met persone buite die plaashek moet tot ’n minimum beperk word, en waar moontlik moet die werksmag tot die noodsaaklike minimum afgeskaal word. Maskers, handskoene en ontsmettingsmiddels moet ook verskaf word. Verder kan die publiek verseker wees dat die virus nie deur gepasteuriseerde melk oorgedra kan word nie. Suid-Afrika kan verseker wees dat landboubedrywighede sal voortgaan en dat die melkbedryf alles sal doen om steeds ’n gehalteproduk te lewer.

**Vertrou op suiwel – ons sal saam deur hierdie krisis kom!**

Uitgereik deur die MPO
**Volg #MilkMpo op Twitter en @MilkProducersSA op Facebook, of besoek mpo.co.za vir meer inligting.**

**2de Vloer, Katoen SA Gebou / 2nd Floor, Cotton SA Building, Watermeyerstraat 86 / 86 Watermeyer Street, Val de Grace, Pretoria 0184; Posbus 1284 / PO Box 1284, Pretoria 0001, RSA Tel: +27 (0) 12 843 5600 Faks / Fax: +27 (0) 12 804 4811 ; E-pos / E-mail: barbara@mpo.co.za/info@mpo.co.za**

Direkteure / Directors
C Wellbeloved (Nasionale Voorsitter/National Chairman), Z Gebeda Onder-voorsitter/Vice Chairman), H Cilliers, D Dickson, S Ferreira, S Garland, B Green, H Nel, HJ Pretorius, Dr CJ van Dijk, B van Greunen,

*Nie-winsgewende Maatskappy (NPC) /Non-profit Company (NPC)* Reg nr / Reg no 1998/012925/08